

Sing vooraf staande: Psalm 48:4 (p. 245)

- 4 Ons wil, o HEER, wat redding skenk, / aan al u goedheid bly gedenk
as ons tesaam is in u woning. / Net soos u Naam is, grote Koning,
so is u glansverskyning: / die vyand se verdwyning
word aan die volkere bekend / tot by die aard' se verste end.
U hand wat nooit die kwaad gedoog, / rys vol geregtigheid omhoog.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 118:2 (p. 575)

- 2 Loof, loof die God van ons verlange, / o almal wat die HERE vrees!
Sing voor die HEER jul lofgesange, / en laat Gods volk nou vrolik wees!
Loof almal saam met jubelsange! / Gods goedheid ken geen grens of tyd,
geen hede, toekoms of vergange, / sy goedheid duur in ewigheid!

Geloofsbelydenis: Apostolicum/Nicea

Na die wet bely ons voor God ons sondeskuld en bid om vergewing van ons sondes met Ps. 40:4 (p. 205)

Wet

Psalm 40:4 (p. 205)

- 4 Net om u wil te doen soos in u Boek / die wonderskrif wat nooit vergaan –
dit klaar van my geteken staan, / dit wil ek, HEER, van ganser harte seek.
Ek bied U hart en hande / in will'ge offerande – / al wat ek is en het;
diep in my ingewand / waar liefde en ywer brand, / draag ek u heil'ge wet.

Gebed

Psalm 116:8 (p. 570)

- 8 Al my geloftes, uitgespreek in nood, / sal ek betaal as ek voor U mag nader
en met u gunsvolk in u huis vergader. / Hoe kost'lik, HEER, is in u oog hul dood!

Skriflesing: Efesiërs 2

Teks: Efesiërs 2:12

... dat julle in die tyd sonder Christus was, vervreemd van die burgerskap van Israel en vreemdelinge ten aansien van die verbonde van die belofte sonder hoop en sonder God in die wêreld.
(Efesiërs 2:12 AFR53)

Die Here skerp ons baie ernstig op om al ons kragte en vermoëns in te gooi in ons aanbidding.

- Die rede wat Hy gee, is dat ons in 'n sekere sin 'n agterstand het.
- Om mee te begin het ons nie liggaamlike tekens van die verbond wat ons kan vertoon dat ons lankal in die verbond van die Here gestaan het nie.
- Daarom moet ons soveel ernstiger erns maak met ons **besnydenis van hart**.

Kom ons kyk na die gedeelte wat ons gelees het vanuit drie hoeke:

1. Die lewe voor die dood
2. Die lewe in die dood
3. Die lewe na die dood

1. Die lewe voor die dood

Die Bybel bedoel nie met die woord **dood** liggaamlike dood nie.

- Hy bedoel daarmee **geestelike** of **geloofsdood**.
- Daarom stel hierdie gedeelte dit baie duidelik dat die lidmate van die kerk in Efese vroeër heidene was.
- Die effek daarvan was dat hulle die ware heil gemis het.

Dit was egter nie van die begin af so gewees nie.

- Die Bybel sê by implikasie in Efesiërs 2:1 dat hierdie mense eens op 'n tyd moes gelewe het – anders kon hulle nie doodgegaan het nie.
- Nou ontstaan die vraag: Wanneer het hierdie mense gelewe voordat hulle gesterf het en in die geweld van die dood beland het?

Die antwoord lê in die woord **verbonde** in vers 12. Let op dat die woord **verbonde** in die meervoud geskryf staan!

Verbonde staan in die meervoud omdat dit verwys na die verbonde wat die Here in die gang van die geskiedenis met die mensdom gesluit het.

- Die eerste verbond was met Adam.
 - Toe het die hele mensdom nog nie in sonde geval nie en het hulle in Adam die seën en genade van God se nabyheid ervaar.
 - Daarna kom die sondeval wat die gevolg gehad het dat die hele mensdom in sonde geval het.
- Tog het die Here die gevalle mensdom nie verwerp nie, want Hy het later weer met Noag en nog later weer met Abraham, Isak en Jakob verbonde gesluit.

In wese was al hierdie verbonde net een verbond van genade wat elke keer net verdiep is omdat die vervulling daarvan ook elke keer meer sigbaar was.

Kom ons gaan kyk vir 'n oomblik net na die herhaling van die verbond soos die Here dit gedoen het met Abraham.

- In die verbond met Noag het die Here al onderneem om die mensdom (en die hele skepping) te red (nie weer te vernietig nie).
- Die eerste verbond wat die Here met Abraham opgerig het, was nie werklik nuut nie – dit is eintlik 'n herhaling van die belofte wat die Here met Noag opgerig het.

Baie lank na die tyd van Noag lees ons in Genesis 15 dat die Here met Abraham 'n verbond sluit.

- Die Here bevestig dat Hy Abraham se nageslag sal seën.
- Later (Genesis 22:18) stuur die Here Abraham om Isak te gaan offer.
 - Net toe Abraham die kind wou doodmaak, het die Here hom gekeer om die kind te slag.
- Toe seën die Here Abraham weer en sê die Here onder andere hierdie woorde:
In jou nageslag sal al die nasies van die aarde geseën word, omdat jy na My stem geluister het. (Genesis 22:18 AFR53)

Nou verstaan ons waarom die Bybel van **belofte** in die enkelvoud praat.

- Al was daar baie verbonde, was daar elke keer net een belofte betrokke.
- Die **belofte** (vers 12) is elke keer dieselfde belofte, naamlik die *genadetoesegging en seën van God oor die wat Hy liefhet*.

Hierdie klomp mense in Efese aan wie die brief geskryf is, het in die tyd van Noag al deel gekry in die belofte van God dat Hy sal seën, want die Here het vir Noag gesê:

Maar kyk, Ek rig My verbond op met julle en julle nageslag na julle!
(Genesis 9:9 AFR53)

Die ooreenkoms tussen die verbond met Noag en met Abraham is dus dat die Here al twee se nageslagte sal seën – en uit al twee is nasies gebore.

- *Kragtens hierdie belofte van God aan Noag en aan Abraham, dat Hy nasies in hierdie genadeverbond sal seën, het die uitverkorenes uit die heidendom deel gekry aan die verlossingsgenade wat deur die Here Jesus verwerf is. Dis wat in Efesiërs 2 geopenbaar word.*

Die saak wat ons moet onthou is dat die Efesiërs namens ons ook aangespreek word. Dit is dus ons saak wat die Here ter tafel het.

2. Die lewe in die dood

Die mensdom kon egter op geen manier van die sondesmet, wat ons verwerf het in Adam, ontkom nie.

- Die heidene wat buite die geslagte en die verbond van Abraham gelê het soveel te meer.
- Daarom teken die Here in Efesiërs 2:12 die groot ellende waarin die mense verkeer het: Hulle was gedurende hierdie tyd sonder Christus.

Dit beteken dat hulle buite die genade van Christus was.

- Daar is meer dinge waarvan hulle uitgesluit was, maar hulle moet daarop let dat hierdie een die heel belangrikste was.
- As jy nie deel in Jesus Christus se soenverdienste nie, dan verloor jy alle ander heilsbesittings, soos om burgerskap te besit van die kerk in die hiernamaals.
- Terselfdertyd is jy 'n vreemdeling ten opsigte van die genadeverbond van God – jy het geen hoop vir die hiernamaals nie en ook nie eers vir hierdie aardse lewe nie.

Maar die teenoorgestelde is ook waar: As jou hart en lewe aan die Here Jesus Christus gebind is, val die orige genadegoedere vanself in hulle plek.

Om die ellendes van die dood sonder Christus goed te verstaan moet ons kyk na die betekenis van die dinge wat alles daar geskryf staan.

- **Burgerskap** van Israel, soos dit in hoofstuk 2:12 gebruik word, bedoel nie hier werklike lidmaatskap van 'n volk nie.
- Dit is 'n geestelike burgerskap of burgerreg – dit sien op die staat van ewige heil wat in Jesus Christus se verdienste tot stand kom, naamlik God se koninkryk.

Vervreem van burgerskap van Israel beteken letterlik dat ons deur die sonde vervreem geraak het van burgerskap in die hemel.

- *So 'n sondeverlorene is dus nie deel van die volk van die hiernamaals nie.*

Vreemdeling (vers 12) beteken dat dit iemand is wat geen regte het nie.

- 'n Vreemdeling het nie eiendomsreg of enige beskermingsregte gehad nie.
- Hierdie gebrek aan regte geld nou in dié gedeelte ten opsigte van die verbond.

Vreemdeling ten aansien van die verbode beteken dat so iemand totaal en al sonder enige regte in God se genadeverbonde geword het.

- Hy het dus geen gemeenskap of deel aan Jesus Christus nie.
- Met hierdie woord sinspeel die apostel op die staat van volmaaktheid wat in die paradys bestaan het (vergelyk 4:18; 1:10), maar wat nou deur die sonde verwoes is.

Die heidene het inderdaad nooit behoort aan Israel se volk nie – want Israel as volk het eers tot stand gekom nadat die Here Abraham geroep het, en uit sy nasate, veral Jakob, het hierdie volk eers tot stand gekom.

- Daarom het hulle ook nooit deel gehad aan God se besondere verbond met die nakomelinge van Abraham, Isak en Jakob nie.
- Maar in Adam het hulle tog inderdaad ook eens op 'n tyd in die salige gemeenskap met God geleef.
- Op die manier (al is dit tydsgegewyse verlangings) het hulle tog die heil van God se teenwoordigheid ervaar.

Daarmee het hulle ook iets ervaar van die heerlikheid van God se genadeverbond waarmee hulle deur die verdienste van Jesus ingelyf word in God se genade.

Die wat sonder Christus is, is egter nie ingelyf in hierdie genade en heerlikheid nie. Hulle is **sonder hoop** (vers 12).

- **Sonder hoop** beteken dat sulke mense se verwagtinge die hemel misloop – net die hel bly oor.
- Die heidene lewe dus in onsekerheid en vrees met betrekking tot die hiernamaals.

Omdat ongelowiges sonder God is, is hulle ook sonder die verlossende genade.

- Hulle het dus geen deel aan Christus se versoening nie.

Nou beskryf die Bybel die verskriklikste ding waaraan jy seker kan dink: Dit raak nie net jou verwagtinge na die dood nie.

- Dit raak ook jou lewe duskant die graf – ook in hierdie wêreld is so 'n mens sonder God.
- Die woord **wêreld** teken die woestheid en ellendes van die duskant van die graf.
- *Hulle hoop sneuwel dus in tyd en in ewigheid.*

3. Die lewe na die dood

Dit is uit die voorafgaande gedeelte van die preek baie duidelik dat die gemeentelede van Efese – soos alle mense – aanvanklik in die grootste ellendes was as gevolg van die sonde. Sonde beteken algehele verlorenheid (2:1-3).

- Vandat hulle tot bekering gekom het, het dinge egter aansienlik verander: Hulle het in Jesus Christus volle gemeenskap met God (2:4vv).
- Hulle deel dus voluit in al die genade van die Here.

Om in die volle genadegemeenskap met God opgeneem te word, en om deel te word van sy verlossingsverbond, is egter nie boekwerk nie.

- Jy moet iets daarmee doen – jy het 'n bepaalde plig om in die saak na te kom.
- Daarom word die Efesiërs (ons) opgeskerp om te onthou wat agter hulle lê.
- Hulle moet onthou dat hulle die Here Jesus Christus nou as die inhoud van hulle lewe het, maar dit was nie altyd so nie.

Die Here wil hê dat daar iets blywends in die Efesiërs moet wees: Hulle moet voortdurend onthou – sonder ophou daaraan dink – dat hulle in sondeverlorenheid was.

- Hulle was deel van die mensemenigte wat in die vlees was.
- Dit beteken dat hulle geen deel gehad het in God se genade nie.
- Daarom het hulle vleeslik ook nie die teken daarvan gehad om te vertoon nie – hulle liggame het die teken van die genadeverbond gemis.

Die onthou van al hierdie dinge moet hulle dryf om voluit te presteer in hulle geloof en aanbidding.

Die feit dat Paulus aantoon dat die besnydenis met die hand verrig word, is net om te sê dat liggaamlike besnydenis ook nie die eintlike ding is nie – dit was maar 'n liggaamlike teken wat verbygegaan het.

- Dit is waarom hy die woord *sogenaamd* gebruik.
- Dit gaan inderdaad oor die besnydenis van hart.

Volgens Romeine 2:25-26 laat die liggaamlike besnydenis mens diep in die moeilikheid beland as jy sonde doen, omdat jou besnydenis dan as onbesnedenheid gereken word.

- Daar is dus nie 'n noodwendige band tussen liggaamlike besnydenis en geestelike besnydenis nie.
- Die besnydenis wat met die hand verrig word, is bloot liggaamlik en neem nie die innerlike verdorwenheid weg nie.
- Die Here maak dit dus baie duidelik dat daar by liggaamlike besnedenes nie noodwendig besnydenis van hart teenwoordig is nie.

Die dinge staan ook nie vir die eerste keer in die Nuwe Testament geskryf nie.

- In die Ou Testament het die Here al geskryf dat die volk hulle aan hulle harte moet laat besny, en hulle nekke voor die Here buig.
- Die innerlike verdorwenheid is nog steeds daar by elke mens (vergelyk Deuteronomium 10:16 en Esegïel 36:26).

Toepassing

Ons gemeente se naam kan net so goed as dié van die Efesiërs in hierdie gedeelte ingeskryf word.

- Onthou dat ons deur God se besondere genade ingelyf is in die verdienste van Jesus Christus.
- Ons is van buitekant af ingelyf in ons burgerskap in die hemel.
- God is met ons op die aarde en in die hemel.

Maar dan moet ons lewe altyddeur vertoon dat God se Heilige Gees in ons werk.

- Dis 'n baie onhoudbare toestand as ons die naam Christen dra, maar ons ken nie die Here Jesus Christus nie.
- As mens na vers 12 kyk, sou ons kon sê dat so 'n persoon onderaan die lysie staan:
 - Hy/sy is sonder God in hierdie wêreld.
 - Voor so 'n persoon lê 'n seënlose en uitsiglose toekoms.

Miskien is die ellendes wat in ons wêreld aangaan dalk net die aanduiding daarvan dat die Here sy hand van seën oor ons teruggetrek het omdat die meeste mense God uit hulle lewens uitlaat.

Ons moet so lewe dat dit elke oomblik duidelik is dat ons ons aardse lewe so inrig dat dit sal oorgaan in die ewige koninkryk van God.

- Die genadeverbond het nie net die een kant wat leer dat die Here ons sal seën en vir ons 'n God sal wees nie.
- Hy het ook nog die ander kant wat sê dat ons God se volk sal wees.

Broeders en susters, julle moet bang wees vir al die ellendes wat die heidendom inhou.

- Dit gee net die dood.
- Laat ons nou maar eerlik vir mekaar sê dat 'n halwe geloof en 'n verkeerde geloof ook heidens is.
- God reken net 'n ware geloof.

Die mense in die voortyd het ook maar geleidelik toegegee en stadig weggedwaal van God af totdat hulle die heidendom geword het wat in die donker hande van die dood vasgevang gesit het.

- Wees versigtig dat ons nie ook daardie pad loop nie.
- Die Here openbaar in hierdie hoofstuk dat ons 'n agterstand het, wat van ons die beste en skerpste geloofsprestasies vra.

Kom ons reik uit daarna.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 118:13 (p. 579)

13 Geseënd is die grote Koning / wat aankom in die HEER se Naam;
geseënd uit die HEER se woning / is volk en Koning altesaam.
Die HEER, die God van ons betroue, / Hy kom ons met sy ligglans teen;
bind dan die offerdier met toue / en lei dit na die altaar heen.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Hulpdienspredikant
Gereformeerde Kerk Clanwilliam
Datum: 22 Junie 2014